KLEINSAKEAKADEMIE (SBA)

Die hoogtepunte van die eerste inname

Publikasie: USB Agenda
Datum: Oktober 2013

Die USB se eerste inname van Kleinsakeakademie-deelnemers het onlangs hul ontwikkelingsprogram voltooi. **Cherice Smith** praat met van die deelnemers, borge en ander.

Die Kleinsakeakademie (SBA) van die USB se eerste kleinsake-ontwikkelingsprogram het in Maart 2013 afgeskop toe 'n groep van 23 deelnemers met dié program begin het. Marietjie Wepener, adjunkdirekteur: Sakeontwikkeling, Bemarking en Kommunikasie by die USB, sê die deelnemers se entoesiasme en deursettingsvermoë om sukses te behaal, het al hul verwagtinge oortref.

"Die deelnemers het pas die finale fase van die program voltooi, naamlik die ontwikkeling en aanbieding van hul sakeplanne. Hulle het hul sakeplanne voor 'n volledige paneel aangebied en die lede was uiters opgewonde oor hierdie aanbiedinge. Die meerderheid het die program geslaag en sal hul sertifikate tydens 'n seremonie by die USB ontvang," sê Wepener.

Edith Kennedy, bestuurder: belangegroepverhoudinge by die USB en bestuurder van die SBA-kantoor, sê: "'n Mentor is aan elke deelnemer toegewys. Die mentors kom uit die USB-alumni en hulle moes vooraf 'n streng keuringsproses en opleiding ondergaan. Die deelnemers het klasse op kampus bygewoon en vakke soos Basiese Sakebeginsels, Bemarking en Finansies geneem. Elke module het 'n werkstuk gehad wat tot die deelnemers se sakeplanne bygedra het. Hulle het ook talle werkwinkels bygewoon."
Die mentors is USB-alumni wat 'n graad, nagraadse diploma of omvattende sertifikaatkursus by die bestuurskool voltooi het.

"Hierdie alumni is almal self in die sakebedryf en beskik oor omvattende vaardighede en ervaring wat hulle kan gebruik wanneer hulle die SBA-deelnemers met sakeprobleme help. Die mentors help die kleinsake-eienaars om hul vermoëns en selfvertroue te ontwikkel, en dit is van onskatbare waarde."

Kennedy sê 'n mentor en deelnemer wat baie goed saamwerk, is Mandisi Peter, wat 'n DSTV-agentskap besit en DSTV-installasies in Khayelitsha doen, en sy mentor Amanda Maree, 'n MBA-alumnus en sake-eienaar van 'n maatskappy wat op menslikehulpbronondersteuning vir klein en medium-grootte ondernemings (KMO's) fokus.

"Hulle het saam na sy kliënte gekyk en 'n gehaltebeheerstelsel geïmplementeer om terugvoer van kliënte te kry sodat sy winkel se diens kon verbeter. Hy kon, onder leiding van sy mentor, 'n sakeplan aan die komitee van die Violence Prevention through Urban Upgrading in Khayelitsha-program voorlê om 'n sakeperseel in die nuwe Harare Square Business Hub in Khayelitsha te verseker. Die komitee, wat uit 'n vennootskap tussen die Stad Kaapstad en die Duitse Ontwikkelingsbank KfW bestaan, was baie beïndruk en het aan hom 'n huurkontrak vir een van hierdie winkels toegestaan. Hy kan nou sake doen in 'n omgewing wat veilig is en 'n behoorlike geboueinfrastruktuur het, en hy ontvang praktiese sake-ondersteuning."

Selfs uitruilstudente is betrokke by die mentorskapproses, sê Kennedy.
"Maxwell Miselo, wat 'n pendeldiens besit, het saam met sy mentor en twee uitruilstudente van Duitsland en

Frankryk nuwe kliënte vir sy besigheid ondersoek. Hulle kon ook 'n nuwe voertuig finansier, wat beteken dat Maxwell se vloot en sy inkomste groei."

Wepener sê van die lesse wat hulle uit die eerste inname van SBA-deelnemers geleer het, sluit in om ruimte te laat vir deelnemers se persoonlike uitdagings wat dit vir hulle moeilik maak om sessies by te woon of om betyds werkstukke in te handig.

"Ons het 'n ruimte by die USB geskep waar deelnemers toegang tot 'n rekenaar en boeke het. Ons oorweeg dit ook om die opleiding slegs in die oggend aan te bied omdat deelnemers elke dag by hul ondernemings moet wees."

Wat die toekomsplanne betref, sê Wepener hulle hoop dat nog 'n groot borg by die SBA betrokke sal raak. Dit sal sorg dat die SBA in 2014 na Mitchell's Plain kan uitbrei en dit sal uiteraard die groep verdubbel.

"Sonder die borge sou ons nie hierdie inisiatief kon aanpak nie. Die twee groot borge, Absa en Distell Foundation, is baie ondersteunend. Hulle dien in die SBA-reëlingskomitee en is altyd beskikbaar om raad te gee en te help. Albei hierdie maatskappye het werkwinkels as deel van die kurrikulum aangebied. Ons het pas gedenkplate vir hierdie borge in die USB se hoofgebou onthul, wat getuig van hul rol by die SBA oor die volgende vyf jaar."

Vernon de Vries, direkteur: Korporatiewe Sake by Distell Beperk, sê hy is tevrede met die vordering van die SBA-program.

"Vaardigheidsontwikkeling en werkskepping is twee hoofdrywers van die Distell Foundation se sosiale investeringstrategie. Ons glo dat die SBA se werk eindelik op albei hierdie sal fokus. Ek dink die SBA sal sy visie verwesenlik om na ander gebiede soos Mitchell's Plain uit te brei. Ons befondsingsooreenkoms is vir vyf jaar. Ons is dus nog vir 'n paar jaar 'n borg. Ons hou 'n lae profiel en neem 'n ondersteunde rol in en help op 'n ad hoc-basis wanneer ons gevra word. Ek dink ons sal voortgaan om dit te doen. Ons het bo en behalwe die befondsing ook gehelp met drankskenkings, toesprake en publisiteit."

Bernie Berkowitz, streekhoof: Ondernemingsontwikkeling by Absa, sê Absa-Ondernemingsontwikkeling het hulle tot die ondersteuning van plaaslike entrepreneurs verbind sodat hierdie entrepreneurs hul ware potensiaal kan bereik.

"Die verbintenis om 'n vennootskap met die USB aan te gaan, is nie iets wat ons doen om ons goed te laat lyk nie. Dit is die kern van ons besigheid om verder as die bankwese te gaan en die lewe van ons klante baie makliker te maak. Die SBA-program word goed georganiseer en goed aangebied. Die terugvoer wat ons reeds ontvang het, was fenomenaal. Dit reflekteer weer eens die wêreldklas-benadering van die USB tot die program en hoe bedrewe hulle hul wêreldklas- akademiese model in hierdie program geïnkorporeer het. Die uiteinde is 'n akademie wat werklik enig in sy soort is en waarby KMO's kan baat vind. Ek sal graag wil sien dat die program na die wyer Wes-Kaap uitbrei, en daarom sal ons 'n aktiewe vennoot wees om hierdie opwindende inisiatief te ontwikkel."

Aansoekvorms vir 2014 se inname word vanaf einde Oktober 2013 versprei. Kry meer inligting by www.usb.ac.za/sba.

SBA-DEELNEMERS
Hoe het jy die USB se Kleinsakeakademie ervaar?

Thobile Nduna
Black Pride Events and Promotions
Dit gaan oor 'n oop kop en oorspronklike denke. Dit is hoe ons elke projek benader.
"Toe ek besluit het om aan hierdie program deel te neem, het ek gedink dit gaan oor idees oor hoe ek my besigheid op 'n beter manier kan bestuur. Ek het meer uitgekry as wat ek verwag het. Ek het geleer hoe om 'n sakeplan te skryf, hoe om my besigheid aan te bied, hoe om blootstelling te kry, hoe om te netwerk en hoe om die besigheid te ontwikkel. Ek het ook selfvertroue gekry omdat ek nou weet hoe om my besigheid op 'n professionele manier te bedryf. Die opstel van my maatskappy se sakeplan was 'n hoogtepunt."

KLEINSAKEAKADEMIE (SBA)

S'bongiseni Lolwana
Zabedela Creatives
'n Platform vir volhoubare boerdery
"As gevolg van die SBA kyk ek nou na sake deur 'n ander lens. Die grootste les wat ek geleer het, is hoe belangrik dit is om te netwerk en om 'n duidelike begrip van sakefinansies te hê. Deur die mentorprogram het Johan Wepener, een van die mees ervare, nederigste en geduldigste individue in my bedryf, my touwys gemaak. Ek het onthou wie ek is en wat my akademiese vermoëns is. Ek sal baie bly wees as ek my MBA binne die volgende drie jaar kan kry."

Thembi Tsotetsi
Kaltsha Glass
Glas enige tyd, enige plek
"Die USB SBA het baie deure vir my oopgemaak ten opsigte van netwerkgeleenthede sodat ek verskillende mense op verskeie forums kon ontmoet. Dit het my ook gehelp om beter te verstaan hoe ek my besigheid moet bestuur. Spanwerk met die ander deelnemers was 'n hoogtepunt, want dit eindig nie as ons by die USB bymekaarkom nie – ons deel alles waarby ons en ons besighede kan baat vind. Die betrokkenheid, hulp en toewyding van die fasiliteerder Edith Kennedy was uitsonderlik en die dosente was so hulpvaardig."

MBA-navorsingswerkstuk oor SBA
Die USB-student Marietjie Wehmeyer het vir haar MBA-navorsingswerkstuk op drie aspekte van die SBA-program gefokus, naamlik die keuring van studente, die mentorskap van studente en die akademiese program.

"Ek wou meer uitvind oor hoe sake in Khayelitsha gedoen word. Ek lê klem op die evaluering van die bekendstellingsprogram om meer ruimte vir verbetering te skep en om op die positiewe gebiede te fokus waarop daar voortgebou kan word."

Enige kommentaar oor hierdie artikel? Om kommentaar te lewer, kliek hier of gaan na die USB se Thoughtprint-webwerf.